

8 Desember

Skrifgedeelte: Romeine 14:1-12
Fokusgedeelte: Romeine 14:7-8

Jou identiteit as Christen

//Wie is ek? Is ek werklik wat ander van my sê? Of is ek net dit wat ek van myself weet? Wie is ek? Hierdie een of daardie een?" Wie is ek? Eensame vrae dryf met my die spot."

Só worstel die bekende teoloog Dietrich Bonhoeffer in 'n Nazi-sel tydens die Tweede Wêreldoorlog met die vraag na sy identiteit as mens en as Christen. Herken jy nie iets van jou eie soeke na ware identiteit te midde van die storms van die 21ste eeu in hierdie brokstukke van 'n gedig nie?

Kan Bonhoeffer se slotsom egter ook joune word? "Wie ek ook al is, U ken my. Aan U behoort ek, o God!" Dit is mos presies wat ons as die kern van ons enigste troos in lewe en in sterwe bely: "Dat ek met liggaam en siel in lewe en in sterwe nie aan myself nie, maar aan my getroue Saligmaker Jesus Christus behoort" (HK 1).

Beter as wat die apostel Paulus dit, onder inspirasie van die Heilige Gees, in Romeine 14:8 gesê het kan ons dit nie sê nie: "Of ons dan lewe en of ons sterwe, ons behoort aan die Here."

As iemand na jou identiteit as Christen vra, wys van jousef weg na Christus toe en bely: "Ek leef nie meer nie, maar Hy leef in my."

Sing: Psalm 8:2 (1936)

Dr. PP Kruger (Meyerspark)